# 24 September 2023 - Lesing 135 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

Levitikus 23 - Trompettefees

23 En JaHWeH het met Moshè gespreek en gesê:

24 Spreek met die kinders van JisraEl en sê: In die **sewende maand, op die eerste van die maand**, moet dit vir julle 'n dag van Sabbatsonderhouding wees, **'n herinnering deur [basuin]geklank,** 'n Samekoms van Apartheid.

25 Géén beroepswerk mag julle doen nie; maar julle moet aan JaHWeH 'n **bereiding deur vuur** naderbring.

## *Bertha Dudde deur die Innerlike Woord*

Dringende finale waarskuwing oor die einde

**NO: 7596** Ontvang My Woord bewustelik, as die stem van julle Vader en luister na wat Ek vir julle wil sê:

Julle lewe in die laaste fase van hierdie aarde, julle lewe in die laaste dae; dit is julle wat nog die geestelike draaipunt kan ervaar, indien julle volwassenheid julle toelaat om te volhard tot aan die einde. Onherroeplik het die tyd van die einde aangebreek, ongeag hoe ongeloofwaardig julle dit beskou, **want die dag van My verlossingsplan is bepaal en dit sal nagekom word**, want die tyd het in vervulling gegaan.

Daar sal geen vêrdere uitstel meer wees nie, aangesien die aktiwiteit van die teenstander hand uitruk en daar sal altyd ‘n einde gemaak moet word aan sy werke wanneer hy die grense van sy bemagtiging oorskry en hy die mensdom tot die punt beïnvloed het dat hulle alle geloof in ‘n God verloor wat elke individu verantwoordelik hou vir hoe hy sy lewe gelei het.

Gedurende sy aardse lewe moet die mens sy meester kies, Hy is veronderstel om My te kies en My teenstander te verwerp en daarom moet hy ingelig word van beide magte wat hom wil besit en wat om sy siel veg. Hierdie kennis is onontbeerlik vir ‘n besluitneming.

My teenstander probeer egter om hierdie kennis te onderdruk en slaag daarmee, want die mense stel hulle oop vir sy invloed as gevolg van hulle houding en vrye wil. En hy trek op ’n wyse voordeel daaruit en oorskry sy bemagtiging by verre; Hy beïnvloed mense om gewelddadige aksies op te neem teenoor gelowiges, teen alles wat verstaan word as ’n geloof in ‘n God en Skepper.

**Hy wil veral die geloof in die Goddelike Verlosser JaHshua Messias uitroei**. Hy sal die finale stryd om geloof ontketen en sal My so te sê dwing om ‘n einde aan sy werke te bring, ten einde die weiniges van ewige verderf te red wat aan My getrou wil bly. En hierdie tyd is naby en daarom ook die einde. Julle is veronderstel om hierdie belangrike fase te herken.

Deur dit herhaaldelik vir julle aan te kondig deur My Woord, is My bedoeling slegs dat julle die belangrikheid sal besef van hierdie tyd waarin julle lewe; julle moet bewus wees van die erns van hierdie tyd en sorg dra om nie ‘n slagoffer van My teenstander se listige misleidings te word nie, omdat Hy mense op ‘n ontstellende manier manipuleer **ten einde hulle van hul geloof in My te ontdaan** en daarmee is hy baie suksesvol.

En indien Ek nou sy werksaamheid teengaan deur die mensdom self aan te spreek, om hulle die geleentheid te gee om in My te glo, of hulle geloof te versterk, dan is dit op sigself ’n verklaring **van My aanspreking van omhoog,** wat julle waarlik behoort te oortuig, want My liefde vir julle mense beweeg My om julle te help in ‘n tyd van groot geestelike verdorwenheid, wat kan veroorsaak dat julle vir ewighede verlore gaan en wat Ek daarom van julle wil afweer.

Alhoewel julle vrye wil alleen beslissend is, het Ek nietemin medelye met julle onwetendheid, julle verdraaide denke en julle onverskilligheid en deur My aanspreking probeer Ek telkens om julle uit julle belangeloosheid te skud en julle te motiveer om te dink. Glo My, dat **tensy julle My Woorde ernstig opneem** en julle die teenstander konfronteer, sal julle julleself in ernstige geestelike nood bevind.

Glo dat julle die krag het om dit te doen en vrees nie om die stryd teen hom gewonne te gee nie. Verander net julle wil. Wend dit na My as jou strewe is om God te vind en Ek sal My deur jou laat vind.

Maar as julle onverskillig is, sal My teenstander die oorhand oor julle kry en dan gaan julle verlore wees vir ’n ewigheid. Dit is die gevaar waarin julle julleself bevind en Ek weet dat julle ’n behoefte het aan uitsonderlike hulp, maar Ek kan nie julle wil bepaal nie, Ek kan julle slegs herhaaldelik aanspreek, om julle te waarsku en te herinner. Ek kan julle maar net My genadige liefde na julle laat kom en julle in kennis stel van komende gebeurtenisse, van die tyd wat nader-kom. Ek kan julle niks anders as maar net telkens liefdevol aanspreek nie, sodat julle ‘n God en Vader kan erken, sodat julle in Hom kan glo en getrou sal bly aan hierdie geloof.

Maar die einde sal onherroeplik kom, omdat My Woord Waarheid is en in vervulling sal gaan want die laaste uur is vooraf bepaal van die begin van tyd af. Neem daarom My Woord in julle harte op en begeer om geseënd te word. En Ek sal julle nie verlaat nie, Ek sal julle versterk sodat julle kan volhard tot die einde toe. Vir Myne sal Ek ‘n kragtige beskerming en skild wees en Ek sal julle ondersteun wanneer julle My vóór die wêreld sal moet bely. Amein.